
# Die Meisie wat Ryk geword het

Salaama Wanale

Afrikaans







Eendag lank, lank gelede, was daar twee sisters met die name Nelima en Nambuya.

Hulle ouers was nie meer hier nie en hulle het op droe vlaktes gewoon.

Die reen was min en geen gewasse om te eet nie. As iemand voedsel nodig gehad het, moes hulle `n lang pad loop om kos te kry.

Nelima was `n nederige, stil en `n hulpvolle meisie. Haar suster, Nambuya, was trots en het nooit geluister na enige advies nie. Sy het glad nie om gegee oor ander mense nie.





Op `n dag het die twee susters wakker geword en agter gekom hulle het niks gehad om te eet nie.

Hulle moes gaan soek het vir enige kos.

So Nelima en Nambuya het in twee verskillende rigtings beweeg.



Intussen het daar `n ou dame met die naam Netasile daar by dieselfde omgewing gewoon.

Sy het geglo om `n gewer van rykdom te wees.

Netasile het melaatsheid gehad en haar lyf was vol sere.

Namuya het toe by die ou dame afgekom en vir Namuya gesê, "My dogter, hoe gaan dit? Waar kom jy vandaan? Waarna toe is jy oppad?"





Nambuya het al die dame se vrae beantwoord.

Die ou dame het toe gesê, "Kom help my tot by my huis en dan sal ek vir jou mooi sê wat om te doen."

Nambuya was ongeskik met die vrou.

Sy het toe gesê, "Ek sal eerder dood gaan as om aan daardie vuil sere van jou te vat."

Die ou dame het maar net stil gebly en vir haar `n veilige reis toe gewens.





Nambuya het geloop totdat sy op `n plek gekom het waar daar duisendpote, slange, ruspe en baie ander insekte was.

Sy was baie moeg en swak want sy het nog niks geeët nie.

Toe sy so gesit het om bietjie te rus, het hierdie insekte haar begin byt.



Op haar reis, het Nelima weer by dieselfde vrou afgekom.

Sy was baie bly om vir Netasile te sien, omdat sy die eerste vrou was wat sy ontmoet het vandat haar reis begin het.

Die ou dame het haar geroep en weer dieselfde vrae gevra.

Nelima het saam gestem om Netasile te help tot by haar huis.

"Jy het iets gedoen wat baie nie kon reg kry om te doen nie," het die ou dame gesê.

Sy het vir Nelima `n stok gegee en vir haar gesê om terug te gaan waar sy woon, en daar sal sy alles kry wat sy wou hê.



Nelima was baie dankbaar en het die ou dame bedank.


Sy het terug huis toe gehardloop en het `n nuwe huis met baie kos daar binne gekry.

Sy het die rykste vrou in die land geword.




Maar sy was baie hartseer omdat sy haar suster verloor het.

Sy het gesê, "die een wat nie wou luister vir advies nie, het op geëindig in `n olifant se mond."



# Die Meisie wat Ryk geword het

Writer: Salaama Wanale
Illustration: Mango Tree
Translated By: Theresa du Plessis
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative